- (b) the indicator shall be at least 6 inches long, 1 inch wide and arrow-shaped; and
- (c) the indicator shall be fitted to the rear of the vehicle.

Combination of different types of direction indicators.

68. Nothing hereinbefore contained shall prohibit the fitting of two direction indicators of one of the types referred to in the preceding regulations on the front half of a vehicle and two direction indicators of another type referred to in the said regulations on the rear half of such vehicle.

Direction indicators on light motor vehicles including left-hand drive motor vehicle.

69. No person shall operate on a public road any motor vehicle, not being a tractor or a motor vehicle in respect of which direction indicators are required under regulation 63, if the driver thereof, when in the driving position, cannot extend his right arm to project at least 12 inches beyond the right-hand side of the widest part of the vehicle or the load thereon, whichever is the wider, unless such vehicle is fitted on both sides with direction indicators of any of the types referred to in this Chapter and otherwise complying with the provisions thereof: Provided that the indicator shall, if of the illuminated movable arm type, when in use project at least 6 inches but not more than 15 inches beyond the widest part of the vehicle or the load thereon, whichever is the wider.

Direction indicators on motor vehicles with an overall length in excess of 25 feet.

70. (1) No person shall operate on a public road any motor vehicle or combination of motor vehicles of an overall length in excess of 25 feet unless it is equipped on both sides on the front half and the rear half with direction indicators of any of the types referred to in this Chapter and otherwise complying with the provisions thereof.

(2) The direction indicators on the rear half referred to in sub-regulation (1), shall, unless they be indicators of the type referred to in regulation 66, be —

- (a) within 24 inches of the rear end of the vehicle; or
- (b) in the case of a combination of motor vehicles, within 24 inches of the rear end of the last vehicle of such combination.

(3) The provisions of this regulation shall not apply in respect of a tractor or a combination of motor vehicles the drawing vehicle of which is a tractor.

General requirements for direction indicators.

71. (1) Direction indicators shall be fitted at a height of not less than 18 inches and not more than 7 feet above ground level and shall be unobscured when in use: Provided that in the case of direction indicators mentioned in regulation 66, no minimum height is prescribed.

(2) Where lamps are incorporated in direction indicators, the lamps showing to the front shall be located on the same level and the lamps showing to the rear shall be located on the same level.

- (g) wanneer die wyserlampe in gebruik is, moet hulle 'n wit, geel of amber lig na voor uitstraal en 'n geel, amber of rooi lig na agter en enige enkele wyser kan lig gelyktydig na voor en agter of net na voor of net na agter uitstraal na gelang van sy posisie aan die voertuig.

67. Rigtingwysers (wat as rigtingwysers van die verligte venstertipe bekend staan) moet aan die volgende vereistes voldoen:—

Rigtingwysers van die verligte venstertipe.

- (a) Elke wyser moet 'n lamp bevat wat, wanneer dit werk, 'n rooi, geel of amber lig na agter uitstraal wat so sterk is dat dit duidelik in normale sonlig op 'n afstand van minstens 100 voet vir 'n persoon met normale gesigsvermoë sigbaar is;
- (b) die wyser moet minstens 6 duim lank, 1 duim breed en pylvormig wees; en
- (c) die wyser moet agteraan die voertuig gemonteer wees.

68. Geen bepaling hierbo vervat, belet die monteer van twee rigtingwysers van een van die tipes wat in die voorafgaande regulasies beskryf word, aan die voorste helfte van 'n voertuig en twee rigtingwysers van 'n ander tipe wat in genoemde regulasies beskryf word, aan die agterste helfte van sodanige voertuig nie.

Kombinasie van verskillende tipes rigtingwysers.

69. Niemand mag op 'n openbare pad 'n motorvoertuig wat nie 'n trekker is nie of 'n motorvoertuig waarvoor rigtingwysers ingevolge regulasie 63 vereis word, gebruik nie as die bestuurder daarvan, wanneer hy in die stuurposisie is, nie sy regterarm kan uitstrek om minstens 12 duim verder as die regterkant van die breedste deel van die voertuig of die vrag daarop, na gelang van wat die breedste is, uit te steek nie, tensy sodanige voertuig aan weerskante toegerus is met rigtingwysers van enigeen van die tipes wat in hierdie Hoofstuk genoem word en wat andersins voldoen aan die vereistes daarvan: Met dien verstande dat die wysers, indien hulle van die verligte beweegbare armtipe is, wanneer hulle in gebruik is, minstens 6 duim maar hoogstens 15 duim verder moet uitsteek as die breedste deel van die voertuig of van die vrag daarop, na gelang van wat die breedste is.

Rigtingwysers aan ligte motorvoertuie, insluitende motorvoertuie met 'n linkerstuur.

70. (1) Niemand mag op 'n openbare pad 'n motorvoertuig of kombinasie van motorvoertuie met 'n algehele lengte van meer as 25 voet gebruik nie, tensy dit aan weerskante, aan die voorste helfte en die agterste helfte, toegerus is met rigtingwysers van enigeen van die tipes wat in hierdie Hoofstuk genoem word en andersins aan die vereistes daarvan voldoen.

Rigtingwysers aan motorvoertuie met 'n algehele lengte van meer as 25 voet.

(2) Die rigtingwysers aan die agterste helfte wat in subregulasie (1) genoem word, moet, tensy hulle wysers is van die tipe wat in regulasie 66 genoem word —

- (a) binne 24 duim van die agterkant van die voertuig af wees; of
- (b) in die geval van 'n kombinasie van voertuie, binne 24 duim van die agterkant van die laaste voertuig van die kombinasie af.

(3) Die bepalings van hierdie regulasie is nie van toepassing ten opsigte van 'n trekker of 'n kombinasie van motorvoertuie waarvan die trekvoertuig 'n trekker is nie.

71. (1) Rigtingwysers moet op 'n hoogte van minstens 18 duim en hoogstens 7 voet bo grondhoogte aangebring word en moet ongemaskeer wees wanneer dit in gebruik is: Met dien verstande dat in die geval van rigtingwysers in regulasie 66 genoem, geen minimum hoogte voorgeskryf word nie.

Algemene vereistes vir rigtingwysers.

(2) Wanneer rigtingwysers lampe bevat, moet die lampe wat na voor wys op dieselfde hoogte wees en die

(3) Unless the direction indicators are so fitted that they are visible to the driver of the vehicle to which they are fitted directly or by reflection when he is in the driving position, a device shall be provided whereby he shall be given visible or audible warning when the indicators are in operation.

(4) The direction indicators shall be so fitted that the indicators on one side cannot be operated simultaneously with those on the other side.

(5) Where more than one direction indicator is fitted to indicate any one turning movement all such indicators shall be inter-connected so as to operate simultaneously.

(6) Direction indicators shall be maintained in good working order.

(7) All lamps of direction indicators shall, when in use, emit diffused light.

Prohibition against use of direction indicator not complying with the provisions of this Chapter.

72. The driver of a motor vehicle on a public road shall not make use of any direction indicator not complying with the provisions of this Chapter.

CHAPTER VI.

Equipment on vehicles — general.

Steering gear.

73. (1) No person shall on a public road operate any motor vehicle unless all parts of the steering mechanism thereof are in sound and safe mechanical condition and so adjusted that, unless otherwise designed by the manufacturer, the amount of movement which the steering wheel makes before the steering gear becomes effective in changing the direction of the vehicle from the left to the right or from the right to the left is not more than $\frac{1}{8}$ of the outside circumference of the steering wheel, that is to say, 45°.

(2) No person shall on a public road operate any motor cycle —

- (a) unless the handle-bars thereof are symmetrically placed in relation to the longitudinal centre-line of the cycle;
- (b) unless the distance between the outside edges of the handle-bars is at least 24 inches in respect of a motor cycle with an engine with a cylinder capacity of 200 cubic centimetres or more and at least 20 inches in respect of all other motor cycles; or
- (c) of which the handgrips on the handle-bars are lower than the top of the saddle.

Warning devices.

74. No person shall operate on a public road —

- (a) any motor vehicle, other than a trailer, which is not equipped with an efficient warning device in good working order and capable, when actuated, of emitting sound clearly audible under normal conditions from a distance of at least 300 feet by a person of normal hearing;
- (b) any pedal cycle which is not equipped with an efficient warning device in good working order and capable of giving adequate warning, when sounded, of its approach; or
- (c) subject to the provisions of section 101 (3) of the Ordinance, any vehicle which is fitted with a siren.

Glass of wind-screen, etc., of motor vehicle.

75. (1) No person shall operate on a public road any motor vehicle having a windscreen, window or partition fitted with transparent material —

- (a) unless such transparent material affords the driver a sufficient view for safe driving of such vehicle;

(3) Tensy die rigtingwysers op so 'n wyse aangebring word dat hulle regstreeks of deur weerkaatsing vir die bestuurder van die voertuig waaraan hulle gemonteer is, sigbaar is wanneer hy in die stuurposisie is, moet 'n toestel voorsien word deur middel waarvan hy sigbare of hoorbare waarskuwing ontvang wanneer die wysers in werking is.

(4) Die rigtingwysers moet op so 'n wyse gemonteer word dat die wysers aan die een kant nie gelyktydig met dié aan die ander kant in werking gestel kan word nie.

(5) Waar meer as een rigtingwyser gemonteer word om een draabeweging aan te dui, moet al sodanige wysers onderling verbind wees sodat hulle gelyktydig werk.

(6) Rigtingwysers moet in goeie werkende orde onderhou word.

(7) Alle lampe van rigtingwysers moet 'n verspreide lig uitstraal wanneer hulle in werking is.

72. Die bestuurder van 'n motorvoertuig mag nie op 'n openbare pad gebruik maak van rigtingwysers wat nie aan die bepalings van hierdie Hoofstuk voldoen nie.

Verbod op die gebruik van rigtingwyser wat nie aan die bepalings van hierdie hoofstuk voldoen nie.

HOOFSTUK VI.

Uitrusting aan voertuie — algemeen

73. (1) Niemand mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik nie tensy alle dele van die stuurmeganisme daarvan in goeie en veilige meganiese toestand is en op so 'n wyse gestel is dat, tensy dit anders deur die vervaardiger ontwerp is, die mate waarin die stuurwiel beweeg voordat die stuurwerk in werking gestel word om die rigting van die voertuig van links na regs of regs na links te verander, hoogstens $\frac{1}{8}$ van die buite-omtrek van die stuurwiel is, d.w.s. 45° .

Stuurwerk.

(2) Niemand mag 'n motorfiets op 'n openbare pad gebruik nie —

- (a) tensy die stuurstang daarvan simmetries in verhouding tot die langshartlyn van die fiets geplaas is;
- (b) tensy die afstand tussen die buiterande van die stuurstang minstens 24 duim is ten opsigte van 'n motorfiets met 'n enjin met 'n silinderinhoud van 200 kubieke sentimeters of meer en ten minste 20 duim ten opsigte van alle ander motorfietse; of
- (c) waarvan die handvatsels aan die stuurstang laer as die bovlak van die saal is nie.

Waarneemings.

74. Niemand mag op 'n openbare pad —

Waarskutoestelle.

- (a) 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n sleepwa, gebruik wat nie toegerus is met 'n doeltreffende waarskutoestel wat in goeie werkende orde en in staat is om wanneer dit in werking gestel word, 'n geluid te maak wat onder normale omstandighede op 'n afstand van minstens 300 voet deur iemand met normale gehoor duidelik gehoor kan word nie;
- (b) 'n trapfiets gebruik wat nie toegerus is met 'n doeltreffende waarskutoestel wat in goeie werkende orde en in staat is om, wanneer dit in werking gestel word, voldoende waarskuwing van die nadering daarvan te gee nie; of
- (c) behoudens die bepalings van artikel 101 (3) van die Ordonnansie, 'n voertuig gebruik waaraan daar 'n sirene aangebring is nie.

75. (1) Niemand mag op 'n openbare pad 'n motorvoertuig met 'n voorruit, venster of afskorting wat van deursigtige materiaal voorsien is, gebruik nie —

Glas van voorruit, ens., van motorvoertuig.

- (a) tensy sodanige deursigtige materiaal die bestuurder 'n voldoende heldere uitsig verleen sodat hy die voertuig veilig kan bestuur.

- (b) unless in the case of a windscreen, other than a windscreen fitted to a motor cycle or motor tri-cycle, such transparent material —
 - (i) is glass; and
 - (ii) in respect of a motor vehicle which was registered and licenced for the first time after the year 1962, complies with the provisions of paragraph (a) even when shattered; and
- (c) unless, in respect of a motor vehicle which, according to its licence, is a later model than a 1962 model such transparent material is safety glass and every pane thereof is permanently marked with the name or trade mark of the manufacturer thereof or the trade name of the glass and is clearly identifiable as safety glass by a permanent mark describing it as such.

(2) The provisions of sub-regulation (1) (c) shall not apply to a trailer unless such trailer is designed for the conveyance of passengers or is a semi-trailer which is a caravan.

Windscreen wiper.

76. No person shall operate on a public road a motor vehicle, other than a motor cycle or motor tricycle, with a windscreen which is not fitted with at least one windscreen wiper directly in front of the driver and such a wiper shall be capable of operation by other than manual means and the blade shall, when in operation, wipe the outside of the windscreen continuously, evenly and adequately.

Driver's view to be unobstructed and rearview mirror.

77. No person shall operate on a public road any motor vehicle —

- (a) which is not so constructed and maintained as to afford the driver thereof a full and clear view of the roadway ahead and generally to his right and left when the vehicle is in use; or
- (b) which is not fitted with a rearview mirror which will enable the driver of such vehicle when he is in the driving position to see in clear weather a clear reflection of traffic to the rear: Provided that the provisions of this paragraph shall not apply in respect of a tractor.

Fuel tank and electrical wiring.

78. No person shall operate on a public road a motor vehicle —

- (a) if any fuel tank, carburettor, fuel receptacle or fuel pipe thereof is defective or so exposed that it constitutes a source of danger;
- (b) if the filling orifice of the fuel tank is not fitted with an effective cap; or
- (c) unless the electrical wiring thereof is properly installed, insulated and maintained so that it does not constitute a source of danger.

Crash bars on motor cycle.

79. No person shall operate on a public road a motor cycle having an engine with a cylinder capacity of 200 cubic centimetres or more, unless such motor cycle is equipped with a bar or tube or any other device, both towards the front and the rear on either side of the frame, at approximately right angles to it, of sufficient strength to support the weight of the motor cycle and so attached as to give adequate protection to the rider's legs, should it fall on its side when being driven.

Manner in which side-car to be attached to motor cycle.

80. No person shall operate on a public road any motor cycle with side-car unless such side-car is attached to the left side of the motor cycle in such a manner that the centre-line of the axle of the side-car is within the wheel-base of the motor cycle.

- (b) tensy in die geval van 'n voorruit, uitgesonderd 'n voorruit bevestig aan 'n motorfiets of motordriewiel, sodanige deursigtige materiaal —
- (i) glas is; en
 - (ii) ten opsigte van 'n motorvoertuig wat, na die jaar 1962 vir die eerste maal geregistreer en gelisensieer is, aan die bepalings van paragraaf (a) voldoen selfs wanneer dit breek; en
- (c) tensy, ten opsigte van 'n motorvoertuig wat, volgens die lisensie daarvan, 'n later model as 'n 1962 model is, sodanige deursigtige materiaal veiligheidsglas is en elke ruit daarvan permanent gemerk is met die naam of handelsmerk van die vervaardiger daarvan of die handelsnaam van die glas en deur middel van 'n permanente merk daarop duidelik as veiligheids-glas onderskei kan word.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) (c) is nie van toepassing op 'n sleepwa nie tensy sodanige sleepwa ontwerp is vir die vervoer van passasiers of 'n leunwa is wat 'n woonwa is.

76. Niemand mag op 'n openbare pad 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets of motordriewiel, gebruik met 'n voorruit wat nie van minstens een voorruitveër reg voor die bestuurder voorsien is nie en sodanige veër moet deur ander middels as met die hand gewerk kan word en die blad moet, wanneer in werking, aanhoudend, gelyk en voldoende aan die buitekant van die voorruit veeg.

Voorruitveër.

77. Niemand mag op 'n openbare pad 'n motorvoertuig gebruik —

Bestuurder se uitsig moet onbelemmerd wees en truspieël.

- (a) wat nie op so 'n wyse gebou is en onderhou word dat die bestuurder daarvan die hele ryvlak voor hom en oor die algemeen aan sy regter- en linkerkant duidelik kan sien wanneer die voertuig gebruik word nie; of
- (b) wat nie voorsien is van 'n truspieël wat die bestuurder van sodanige voertuig in staat stel om, wanneer hy in die stuurposisie is, 'n duidelike spieëlbeeld van die verkeer aan die agterkant in helder weer te sien nie: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie op 'n trekker van toepassing is nie.

78. Niemand mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik —

Brandstoftenk en elektriese bedrading.

- (a) as enige brandstoftenk, vergasser, brandstofhouer of brandstofpyp daarvan defek is of op so 'n wyse blootgestel word dat dit 'n bron van gevaar uitmaak nie;
- (b) as die vulopening van die brandstoftenk nie van 'n doeltreffende dop voorsien is nie; of
- (c) tensy die elektriese bedrading daarvan behoorlik geïnstalleer en geïsoleer is en onderhou word sodat dit nie 'n bron van gevaar uitmaak nie.

79. Niemand mag 'n motorfiets met 'n enjin met 'n silinderinhoud van 200 kubieke sentimeter of meer op 'n openbare pad gebruik nie, tensy sodanige motorfiets voorsien is van 'n staaf of pyp of enige ander toestel, sowel voor as agter aan weerskante van die raam, ongeveer reghoekig daarmee, van voldoende sterkte om die gewig van die motorfiets te dra en wat op so 'n wyse aangebring is dat dit voldoende beskerming aan die bestuurder se bene verleen ingeval dit op sy val wanneer dit bestuur word.

Skermreling aan motorfiets.

80. Niemand mag 'n motorfiets met syspan op 'n openbare pad gebruik nie, tensy sodanige syspan aan die linkerkant van die motorfiets bevestig is op so 'n wyse dat die hartlyn van die as van die syspan binne die asafstand van die motorfiets is

Wyse waarop syspan aan motorfiets bevestig moet word.

Exhaust silencers
and exhaust
pipes.

81. No person shall operate on a public road any motor vehicle —

- (a) unless an efficient exhaust silencer or muffling device is affixed thereto in such a manner that the exhaust gas from the engine is projected through such silencer or muffling device, which shall be constructed so as to reduce and muffle in an effective manner the sound produced by such exhaust;
- (b) if any mechanism or device is attached thereto enabling the exhaust gas from the engine of such motor vehicle to be projected otherwise than through the silencer or muffling device referred to in paragraph (a);
- (c) if the exhaust gas or smoke from the engine is directed to the left side of such vehicle or in such a manner as is likely to raise dust on a public road or is so dense as to cause a nuisance to, or obstruct the vision of other users of such public road: Provided that the exhaust gas or smoke of a motor vehicle with a gross vehicle weight not exceeding 7,700 lbs. or a motorcar may be discharged by means of an exhaust pipe with a downward bend not exceeding 45° or a bend to the left of the vehicle not exceeding 15°; or
- (d) if the exhaust pipe or silencer thereof is in such a position that oil or other inflammable liquid or material can drip or fall on to it, or is not in efficient working order, or is so placed and maintained that exhaust gas or smoke leaks into the driver's cab or passenger compartment of the vehicle.

Entrances and
exits.

82. (1) No person shall operate on a public road any motor vehicle with a fixed hood and exceeding a tare of 1,250 lbs. which is not so constructed as to afford at least one ready means of entrance and exit on each of the left and right sides for the occupants thereof and which is clear of any obstruction while the vehicle is in use: Provided that on either the left or the right side there need not be any such ready means of entrance and exit if the vehicle is constructed on any side, except the one on which the ready means of entrance and exit is afforded and which is unobstructed with some other ready means of escape which is unobstructed.

(2) The ready means of entrance and exit and the ready means of escape referred to in sub-regulation (1) shall each be equipped with a permanent device capable of being operated from both the inside and the outside of the vehicle for the purpose of opening or closing: Provided that the ready means of escape need not be so equipped if it can be opened by being knocked out.

(3) In respect of a vehicle used for the conveyance of prisoners, an ambulance or a public bus, the provisions of sub-regulation (1) or (2) shall only apply to the driver's cab thereof.

Motor vehicle
to be capable
of travelling
backwards and
forwards.

83. No person shall operate on a public road a motor vehicle, other than a motor cycle or motor tricycle, if the tare thereof exceeds 1,250 lb., unless it can be driven backwards and forwards.

Stoplight.

84. (1) Subject to the provisions of sub-regulation (3), no person shall operate on a public road any motor vehicle, other than a motor cycle which has an engine with a cylinder capacity not exceeding 50 cubic centimetres and which, according to the licence certificate thereof, was licenced for the first time before 1962, a trailer drawn by a tractor or a tractor, unless it is fitted with at least one stoplight, that is to say, a lamp which shall —

- (a) be fitted to the back of the vehicle so as to be visible from the rear: Provided that where such stoplight cannot conveniently be fitted to the back of the vehicle, it may be fitted at a distance not exceeding 24 inches to the front of the rear end in such a position that it is clearly visible from the rear:

81. Niemand mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik nie —

Uitlaatknaldempers en uitlaatpype.

- (a) tensy 'n doeltreffende uitlaatknaldemper of geluid-demptoestel op so 'n wyse daaraan bevestig is dat die uitlaatgas van die enjin uitgeskiet word deur sodanige knaldemper of geluid-demptoestel wat gebou moet wees om die geluid wat deur sodanige uitlaat veroorsaak word, op 'n doeltreffende wyse te verminder en te demp;
- (b) as 'n meganisme of toestel daaraan bevestig is wat die uitlaatgasse van die enjin van sodanige motorvoertuig op 'n ander wyse uitlaat as deur die knaldemper of geluid-demptoestel wat in paragraaf (a) genoem word;
- (c) as die uitlaatgas of rook van die enjin na die linkerkant van sodanige voertuig of op so 'n wyse gerig word dat dit moontlik stof op 'n openbare pad kan opskop of so dig is dat dit 'n oorlas veroorsaak aan, of die uitsig belemmer van, ander gebruikers van sodanige openbare pad: Met dien verstande dat die uitlaatgas of rook van 'n motorvoertuig met 'n bruto voertuiggewig van hoogstens 7,700 lb. of 'n motorkar uitgelaat kan word deur middel van 'n uitlaatpyp met 'n afwaartse buiging van hoogstens 45° of 'n buiging na die linkerkant van die voertuig van hoogstens 15°; of
- (d) as die uitlaatpyp of knaldemper daarvan op so 'n plek is dat olie of ander ontvlambare vloeï- of ander stof daarop kan drup of val, of nie in doeltreffende werkende toestand is nie, of op so 'n wyse geplaas is en onderhou word dat uitlaatgas of rook in die stuurkap of die passasiersafdeling van die voertuig deurdring.

82. (1) Niemand mag op 'n openbare pad 'n motorvoertuig met 'n vaste kap en met 'n tarra van meer as 1,250 lb. gebruik wat nie op so 'n wyse gebou is dat daar vir insittendes daarvan minstens een gemaklike in- en uitgangspek aan elk van die linker- en regterkant is en wat vry van enige versperring is onderwyl die voertuig gebruik word nie: Met dien verstande dat aan òf die linker- òf die regterkant daar nie enige sodanige gemaklike in- en uitgangspek hoef te wees nie indien die voertuig aan enige kant behalwe die kant waarin 'n gemaklike in- en uitgangspek voorsien is en wat onversper is, voorsien is van 'n ander gemaklike ontsnappingspek wat onversper is.

Ingange en uitgange.

(2) Die gemaklike in- en uitgangspekke en die gemaklike ontsnappingspek in subregulasie (1) genoem, moet elkeen toegerus wees met 'n permanente toestel wat van sowel die binnekant as die buitekant van die voertuig bedien kan word vir die doel van oop- en toemaak: Met dien verstande dat die gemaklike ontsnappingspek nie sodanig toegerus hoef te wees nie indien dit oopgemaak kan word deur dit uit te slaan.

(3) Ten opsigte van 'n voertuig wat vir die vervoer van gevangenes gebruik word, 'n ambulans of 'n openbare bus in die bepalings van subregulasie (1) of (2) alleenlik op die stuurkap van toepassing.

83. Niemand mag op 'n openbare pad 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets of motordriewiel, gebruik as die tarra daarvan meer as 1,250 lb. is nie, tensy daarmee agteruit en vooruit gery kan word.

Motorvoertuie moet agteruit en vooruit kan ry.

84. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (3), mag niemand 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets wat 'n enjin met 'n silinderinhoud van hoogstens 50 kubieke sentimeter het en wat, volgens die lisensie daarvan voor 1962 vir die eerste maal geregistreer en gelisensieer is, 'n sleepwa deur 'n trekker getrek of 'n trekker, op 'n openbare pad gebruik nie tensy dit minstens een stoplig aan het, d.w.s. 'n lamp wat —

Stoplig.

- (a) agteraan die voertuig aangebring is sodat dit van agter af sigbaar is: Met dien verstande dat in 'n geval waar sodanige stoplig nie met gemak agteraan die voertuig aangebring kan word nie, dit op 'n afstand van hoogstens 24 duim voor die agterkant aangebring kan word in so 'n posisie dat dit duidelik van agter af sigbaar is:

- (b) be fitted at a height of not less than 12 inches and not more than 7 feet above ground level, measured to the centre of the lamp;
- (c) be placed in the centre or to the right of the longitudinal centre-line of the vehicle to which it is fitted or, where two lamps are provided, be so placed as to be equidistant from, and on each side of, such centre-line;
- (d) when in use, emit light the colour of which shall be red and the intensity of which shall be greater than that of the light emitted by the rear lamp on the vehicle and shall be visible in normal sunlight at a distance of not less than 100 feet to a person of normal eyesight;
- (e) be so connected that, if the vehicle is in motion, it shall come into operation as soon as the operating device of the service brake or similar brake of the vehicle or, in the case of a combination of motor vehicles, of the drawing vehicle, is actuated; and
- (f) be maintained in a clean condition and in good good working order.

(2) In the case of a combination of motor vehicles both the drawing vehicle and the trailer or, where there is more than one trailer, the drawing vehicle and the rearmost trailer shall be equipped with a stoplight as set out in sub-regulation (1).

(3) A stoplight complying with the provisions of sub-regulation (1) may be incorporated in a rear lamp fitted to a motor vehicle in terms of regulation 36.

Tyres.

85. No person shall operate on a public road —

- (a) any motor vehicle, other than a tractor or trailer, fitted with a metal tyre;
- (b) any tractor or trailer fitted with a metal tyre less than 5 inches in width;
- (c) any animal-drawn vehicle fitted with a metal tyre less than 1½ inches in width;
- (d) any vehicle fitted with a metal tyre unless such tyre is so fitted and adjusted that the whole of the width of the running surface of such tyre would at all times be in direct contact with a flat surface if the vehicle were moved on such surface so as to allow the wheels to roll;
- (e) any vehicle fitted with any tyre which is in such a state of disrepair or in such a condition as to cause or to be likely to cause damage to the road surface or danger to persons on or in such vehicle or to other persons using the public road;
- (f) any motor vehicle fitted with pneumatic tyres the rubber covering of any one of which is so worn or damaged as to expose the fabric or cord used in the construction of such tyre;
- (g) any motor vehicle of which any tyre is so constructed and fitted that the metal part of the wheel to which such tyre is fitted comes into contact with the road surface; or
- (h) any motor vehicle which is fitted with regrooved tyres having a bead diameter of 17 inches or less.

Safety belts.

86. No person shall operate on a public road a motor car which was registered and licenced for the first time after the year 1964, unless the front seat thereof is fitted with at least two safety belts which comply with the specification of the South African Bureau of Standards for safety belt assemblies for motor vehicles (S.A.B.S. Specification 724 of 1962, as amended) and which bear a standardization mark as defined in section 1 of the Standards Act, 1962 (Act No. 33 of 1962), or, where the front seat has seating accommodation for only one person, is fitted with one such belt.

Emergency warning signs.

87. (1) For the purposes of this regulation —

- (a) the expression "motor vehicle" excludes an ambulance, a motor car, motor tricycle or motor cycle:

- (b) op 'n hoogte van minstens 12 duim en hoogstens 7 voet bo grondhoogte, tot by die middel van die lamp gemeet, aangebring is;
 - (c) in die middel of regs van die langshartlyn van die voertuig waaraan dit aangebring is, geplaas is of, waar twee lampe voorsien word, so geplaas is dat dit ewe ver en aan weerskante van sodanige hartlyn is;
 - (d) wanneer dit in gebruik is 'n lig uitstraal waarvan die kleur rooi is en waarvan die ligsterkte groter is as dié van die stertlamp van die voertuig en wat in normale sonlig op 'n afstand van minstens 100 voet vir 'n persoon van normale gesigsvermoeë sigbaar is;
 - (e) so verbind is dat as die voertuig in beweging is dit in werking tree sodra die werktoestel van die diensrem of dergelike rem van die voertuig of, in die geval van 'n kombinasie van motorvoertuie, van die trekvoertuig in werking gestel word; en
 - (f) in 'n skoon en werkende toestand onderhou word.
- (2) In die geval van 'n kombinasie van motorvoertuie, moet sowel die trekvoertuig as die sleepwa of, waar daar meer as een sleepwa is, die trekvoertuig en die agterste sleepwa 'n stoplig aanhê soos in subregulasie (1) uiteengesit.
- (3) 'n Stoplig wat aan die bepalings van subregulasie (1) voldoen, kan ook deel uitmaak van 'n stertlig waarvan 'n motorvoertuig ingevolge regulasie 36 voorsien is.

85. Niemand mag die volgende op 'n openbare pad gebruik nie — Buitebande.

- (a) 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n trekker of sleepwa, met metaalbande aan;
- (b) 'n trekker of sleepwa, met metaalbande aan wat smaller as 5 duim is;
- (c) 'n trekdiervoertuig met metaalbande aan wat smaller as 1½ duim is;
- (d) 'n voertuig met metaalbande aan, tensy enige sodanige band op so 'n wyse aangesit en ingerig is dat die hele breedte van die loopvlak van so 'n band te alle tye regstreeks met 'n plat oppervlak in aanraking sou wees as die voertuig op so 'n plat oppervlak voortbeweeg sou word op so 'n wyse dat die wiele rol;
- (e) 'n voertuig wat 'n buiteband aan het wat so gebrekkig is of in so 'n toestand verkeer dat dit skade aan die padoppervlak of gevaar aan persone op of in sodanige motorvoertuig of aan ander persone wat die openbare pad gebruik, veroorsaak of waarskynlik kan veroorsaak;
- (f) 'n motorvoertuig met lugbande aan waarvan die rubberbedekking van enigeen daarvan in so 'n mate ageslyt of beskadig is dat die weefsel of koord wat by die vervaardiging van so 'n buiteband gebruik is, blootgestel word;
- (g) 'n motorvoertuig waarvan 'n buiteband op so 'n wyse vervaardig en aangebring is dat die metaaldeel van die wiel waaraan so 'n buiteband aangebring is, in aanraking met die padoppervlak kom; of
- (h) 'n motorvoertuig toegerus met hergroefde buitebande met 'n spanranddeursnee van 17 duim of minder.

86. Niemand mag 'n motorkar wat, volgens die lisensie daarvan, 'n later model is as 'n 1964 model, op 'n openbare pad gebruik nie tensy die voorste sitplek daarvan voorsien is van minstens twee veiligheidsgordels wat voldoen aan die spesifikasie van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde vir veiligheidsgordelstelle vir motorvoertuie (S.A.B.S. se Spesifikasie 724 van 1962, soos gewysig) en wat 'n standaardmerk dra soos omskrywe in artikel 1 van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962) of, waar die voorste sitplek sitplekruimte vir net een persoon het, voorsien is van een sodanige gordel. Veiligheidsgordels.

87. (1) Vir die toepassing van hierdie regulasie — Noodwaarskuwings-
- (a) omvat die uitdrukking „motorvoertuig” nie 'n am-
- motorfiets, motorfiets, motorfiets of motorfiets.

- (b) "retro-reflector" means a reflector which complies with the specification of the South African Bureau of Standards for retro-reflectors (S.A.B.S. Specification 513 of 1956, as amended) and which bears a standardization mark as defined in section 1 of the Standards Act, 1962, (Act No. 33 of 1962); and
- (c) "reflective material" means reflective material which under all circumstances is capable of reflecting light.

(2) This regulation shall only apply when and where lights are to be displayed on motor vehicles in terms of Chapter III but not where the motor vehicle concerned is stationary —


- (a) in a place where a road traffic sign authorizes the loading or unloading of a vehicle;
- (b) in compliance with any direction conveyed by a road traffic sign or given by a police officer;
- (c) on account of other traffic on the public road concerned and while the driver occupies the driver's seat of such motor vehicle; or
- (d) in the usual course of events accompanying the carrying out of a State or municipal function.

(3) No person shall operate on a public road a motor vehicle unless two signs (in this regulation referred to as emergency warning signs) complying with the provisions of sub-regulation (6) are carried in such vehicle.

(4) Where a motor vehicle is for any reason whatsoever stationary on the roadway of a public road, the driver of such vehicle shall display or cause to be displayed emergency warning signs in the manner prescribed in sub-regulation (8).

(5) No person shall, without lawful cause, remove or tamper with any emergency warning sign which is being displayed in accordance with the provisions of this regulation.

(6) The colours, minimum dimensions and the general shape and design of an emergency warning sign shall be as illustrated hereunder and shall also apply to the reverse side of the sign.



Width of outer triangle
2", coloured red.

Inner triangle painted
white or open.

(7) The red portion of an emergency warning sign shall on each side —

- (a) consist of red reflective material; or
- (b) be painted red and have a red retro-reflector at each corner.

(8) Emergency warning signs shall be displayed in the following manner:

- (a) One sign shall be placed on each side of the motor vehicle and on the roadway of the public road concerned;
- (b) each sign shall be not less than 300 feet from such motor vehicle;
- (c) each sign shall be placed approximately as far from the edge of the roadway as the centre-point of such motor vehicle is from the edge of the roadway; and
- (d) a reflective side of each sign shall face away from such motor vehicle in the direction of traffic which might approach such vehicle:

Provided that where the motor vehicle is stationary on the roadway of a public road designed and used for traffic flow in one direction only, the foregoing provisions shall apply subject to the following modifications:

- (i) Both signs shall be placed on that side of the motor vehicle from which traffic might approach such vehicle; and
- (ii) one sign shall be placed at a distance of between 300 and 350 feet and the other at a distance of not less than 450 feet from such motor vehicle.

- (b) beteken 'n „truikaatser” 'n weerkaatser wat voldoen aan die spesifikasie van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde vir truikaatsers (S.A.B.S. se Spesifikasie 513 van 1956, soos gewysig) en wat 'n standaardmerk dra soos omskrywe in artikel 1 van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962); en
- (c) beteken „weerkaatsmateriaal” weerkaatsmateriaal wat onder alle omstandighede in staat is om lig te weerkaats.

(2) Hierdie regulasie is net van toepassing wanneer en waar ligte kragtens Hoofstuk III aan motorvoertuie vertoon moet word maar nie waar die betrokke motorvoertuig stilstaan nie —

- (a) in 'n plek waar 'n padverkeersteken die op- of aflaaai van 'n voertuig magtig;
- (b) ooreenkomstig 'n opdrag van 'n padverkeersteken of deur 'n polisiebeampte gegee;
- (c) weens ander verkeer op die betrokke openbare pad en terwyl die bestuurder in die stuurplek van sodanige motorvoertuig sit; of
- (d) in die gewone loop van gebeurtenisse wat gepaard gaan met die uitvoering van 'n staats- of munisipale funksie.

(3) Niemand mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik nie tensy daar twee tekens (in hierdie regulasie noodwaarskuwingstekens genoem) wat aan die bepalings van subregulasie (6) voldoen, in sodanige voertuig gedra word.


(4) Waar 'n motorvoertuig om enige rede hoegenaamd op die ryvlak van 'n openbare pad stilstaan, moet die bestuurder van sodanige voertuig noodwaarskuwingstekens vertoon of laat vertoon op die wyse in subregulasie (8) voorgeskryf.

(5) Niemand mag sonder wettige rede enige noodwaarskuwingstekens wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasie vertoon word, verwyder of daaraan peuter nie.

(6) Die kleure, minimum afmetinge en die algemene vorm en ontwerp van 'n noodwaarskuwingsteken is soos hieronder geïllustreer en is ook op die keersy van die teken van toepassing.

Wyte van buite driehoek
2", rooi geverf.

Binne driehoek wit geverf of oop.



(7) Die rooi gedeelte van 'n noodwaarskuwingsteken moet aan elke kant —

- (a) uit rooi weerkaatsmateriaal bestaan; of
- (b) rooi geverf wees en 'n rooi truikaatser op elke hoek hê.

(8) Noodwaarskuwingstekens moet op die volgende wyse vertoon word:—

- (a) Een teken moet aan elke kant van die motorvoertuig en op die ryvlak van die betrokke openbare pad opgestel word;
- (b) elke teken moet nie minder as 300 voet van sodanige motorvoertuig wees nie;
- (c) elke teken moet ongeveer so ver van die kant van die ryvlak opgestel word as wat die middelpunt van sodanige motorvoertuig van die kant van die ryvlak is; en
- (d) 'n weerkaatsende sy van elke teken moet weg van sodanige motorvoertuig wys in die rigting van verkeer wat sodanige voertuig mag nader.

Met dien verstande dat waar die motorvoertuig stilstaan op die ryvlak van 'n openbare pad wat ontwerp is en gebruik word vir verkeersvloei in net een rigting, die voorafgaande bepalings van toepassing is onderworpe aan die volgende modifikasies:—

- (i) Albei tekens moet aan daardie kant van die motorvoertuig vanwaar verkeer sodanige voertuig mag nader, opgestel word; en
- (ii) een teken moet op 'n afstand van tussen 300 en 350 voet en die ander op 'n afstand van nie minder nie as 450 voet vanaf sodanige motorvoertuig opgestel word.

CHAPTER VII.

Dimensions of vehicles and projections.

Overall length
of vehicle.

88. No person shall operate on a public road any vehicle or combination of vehicles the overall length of which in the case of —

- (a) a trailer which is attached to a drawing vehicle in such a manner that the combination of trailer and drawing vehicle cannot bend in a horizontal plane, exceeds 6 feet;
- (b) a trailer (excluding a semi-trailer) with only one axle or one set of tandem axles, exceeds 26 feet, excluding any drawbar or coupling;
- (c) a trailer (excluding a semi-trailer) with two axles, other than tandem axles, exceeds 33 feet, excluding any drawbar or coupling;
- (d) any vehicle with two axles (other than a trailer) designed for the conveyance of goods and in or on which no provision has been made for passengers except in or on the driver's cab or seat of such vehicle, exceeds 33 feet, excluding any drawbar;
- (e) any passenger carrying vehicle with two axles, other than a vehicle referred to in paragraph (d), exceeds 36 feet;
- (f) any vehicle with three or more axles or any semi-trailer, exceeds 36 feet, excluding any drawbar or coupling;
- (g) any articulated motor vehicle, exceeds 50 feet; or
- (h) any combination of vehicles, other than an articulated motor vehicle, exceeds 72 feet.

Restrictions
on combination
of motor
vehicles.

89. No person shall operate on a public road any combination of motor vehicles —

- (a) other than a drawing vehicle and one or two trailers;
- (b) other than a motor vehicle drawing one other motor vehicle, not being a trailer; or
- (c) consisting of a trailer attached to a drawing vehicle in such a manner that the combination of trailer and drawing vehicle cannot bend in a horizontal plane, if the combined length of such trailer and the rear overhang of the drawing vehicle exceeds 10 feet 3 inches.

Overall width
of vehicles.

90. No person shall operate on a public road any vehicle the overall width of which exceeds 8 feet $2\frac{1}{2}$ inches.

Overall height
of vehicle and
load.

91. No person shall operate on a public road any vehicle the overall height of which, together with any load thereon measured from ground level to the highest projecting point, excluding any overhead electric power contacting gear or cat-walk, exceeds 15 feet in the case of a double-deck bus or 12 feet 6 inches in the case of any other vehicle.

Turning
radius, wheelbase
and tandem axle
spacing.

92. No person shall operate on a public road any vehicle —

- (a) the turning radius of which exceeds 43 feet;
- (b) the wheelbase of which exceeds 26 feet or, in the case of a semi-trailer, 28 feet; or
- (c) if the maximum distance between the centre-lines of the first and last axles of a set of tandem fixed axles exceeds 5 feet.

HOOFSTUK VII.

Afmetinge van voertuie en uitsteeksels.

88. Niemand mag op 'n openbare pad 'n voertuig of 'n kombinasie van voertuie gebruik nie waarvan die algehele lengte in die geval van —

Algehele lengte van voertuie.

- (a) 'n sleepwa wat op so 'n wyse aan die trekvoertuig gekoppel is dat die kombinasie van die sleepwa en die trekvoertuig nie in 'n horisontale vlak kan krink nie, 6 voet oorskry;
- (b) 'n sleepwa (uitgesonderd 'n leunwa) met net een as of een stel tandemasse, 26 voet oorskry, sonder inbegrip van enige trekstang of koppeling;
- (c) 'n sleepwa (uitgesonderd 'n leunwa) met twee asse, uitgesonderd tandemasse, 33 voet oorskry, sonder inbegrip van enige trekstang of koppeling;
- (d) enige voertuig met twee asse (uitgesonderd 'n sleepwa) wat ontwerp is vir die vervoer van goedere en waarin of waarop geen voorsiening vir passasiers gemaak is nie behalwe in of op die stuurkap of -sitplek van sodanige voertuig, 33 voet oorskry, sonder inbegrip van enige trekstang;
- (e) enige passasiersvoertuig met twee asse, uitgesonderd 'n voertuig in paragraaf (d) genoem, 36 voet oorskry;
- (f) enige voertuig met drie of meer asse of enige leunwa, 36 voet oorskry, sonder inbegrip van enige trekstang of koppeling;
- (g) 'n gelede motorvoertuig, 50 voet oorskry; of
- (h) enige kombinasie van voertuie, uitgesonderd 'n gelede motorvoertuig, 72 voet oorskry.

89. Niemand mag op 'n openbare pad 'n kombinasie van motorvoertuie gebruik nie —

Beperkings op kombinasie van motorvoertuie.

- (a) uitgesonderd 'n trekvoertuig en een of twee sleepwaens;
- (b) uitgesonderd 'n motorvoertuig wat een ander voertuig trek wat nie 'n sleepwa is nie; of
- (c) wat bestaan uit 'n sleepwa wat op so 'n wyse aan 'n trekvoertuig gekoppel is dat die kombinasie van sleepwa en trekvoertuig nie in 'n horisontale vlak kan krink nie, as die gesamentlike lengte van sodanige sleepwa en die agter-oorstek van die trekvoertuig 10 voet 3 duim oorskry.

90. Niemand mag op 'n openbare pad 'n voertuig gebruik waarvan die algehele breedte 8 voet 2½ duim oorskry nie.

Algehele breedte van voertuie.

91. Niemand mag op 'n openbare pad 'n voertuig gebruik waarvan die algehele hoogte, tesame met enige vrag daarop gemeet van grondhoogte tot by die hoogste uitstekende punt, uitsluitende enige elektriese kragkontakapparaat of looplyns bo-op die voertuig, 15 voet in die geval van 'n dubbeldekkerbus of 12 voet 6 duim in die geval van enige ander voertuig oorskry nie.

Algehele hoogte van voertuig en vrag.

92. Niemand mag op 'n openbare pad 'n voertuig gebruik —

Draaistraal, asafstand en afstand tussen tandemasse.

- (a) waarvan die draaistraal 43 voet oorskry nie;
- (b) waarvan die asafstand 26 voet of, in die geval van 'n leunwa, 28 voet oorskry nie; of
- (c) as die maksimum afstand tussen die hartlyne van die eerste en laaste as van 'n stel vaste tandemasse 5 voet oorskry nie.

Overhang of
vehicles.

93. (1) No person shall operate on a public road —
- (a) any bus or any vehicle designed or adapted for use in connection with street cleaning or the disposal of refuse or sewage, or any vehicle referred to in regulation 180, the rear overhang of which exceeds $\frac{7}{10}$ of its wheelbase;
 - (b) any trailer, other than a semi-trailer, with one axle or one set of tandem axles, the rear overhang of which exceeds $\frac{1}{2}$ of the length of the body of such trailer; or
 - (c) any vehicle not referred to in paragraphs (a) and (b), the rear overhang of which exceeds $\frac{1}{2}$ of its wheelbase.
- (2) No person shall operate on a public road —
- (a) any semi-trailer, the front overhang of which exceeds 4 feet; or
 - (b) any vehicle not being a semi-trailer or a trailer with one axle or one set of tandem axles, the front overhang of which is such that any portion thereof describes a circle the radius of which is more than 3 feet 6 inches in excess of the turning radius of such vehicle: Provided that an excess of not more than 4 feet 6 inches shall be permitted in the case of a vehicle having the front surface of the back rest of the driver's seat at seat level not more than 5 feet 6 inches from the front end of the vehicle when such seat, if adjustable, is in the rearmost position.

Projections in
case of vehicle
other than motor
cycle, motor
tricycle or
pedal cycle.

94. (1) No person shall operate on a public road any vehicle, other than a motor cycle, motor tricycle or pedal cycle, carrying any goods or fittings which —
- (a) excluding any side mirror or direction indicator, extend more than 4 feet $1\frac{1}{4}$ inches to either side of the longitudinal centre-line of such vehicle and no bracket shall extend more than 6 inches beyond the widest part of the vehicle;
